

Oorweeg dit bid-
dend om predikant
te word.

Gaan praat met
jou eie dominee
wat jou verder
sal help.

NG Kerk in Oos-Kaapland

Direkteur Begeleiding
Cotswoldlaan 31, Cotswold, Port Elizabeth
Posbus 34842
NEWTONPARK
6055
Tel 041 365-3159 / 082 9234 178
Epos: danie@ngkok.co.za

(Outeursreg: NG Kerk in KwaZulu-Natal)

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ons dien met met blydskap

**Geroep tot
predikant!?**



Kontak jou eie dominee

Wanneer die Here iemand roep om predikant te word, beplan Hy 'n opwindende bediening vir die geroepene

'n Geroepene is iemand:

- wat die Here ken en in 'n intieme verhouding met Hom leef;
- wat die Here deur sy Gees ontmoet het en daardeur ervaar het dat die Here haar/hom vir die besondere taak as predikant geroep het;
- wie se roeping herhaaldelik deur ander gelowiges en die gemeente bevestig word;
- wat seker is dat God hom/haar sal bystaan in die uitvoering van die opdrag.



'n Predikant is iemand wat fokus op veral:

- ♥ die bediening van die Woord van die Here aan die gemeente sodat hulle die Woord na die wêreld kan vat;
- ♥ die bediening van die sakramente (doop en nagmaal);
- ♥ die toerusting van lidmate om hulle dienswerk in die gemeente en wêreld te doen.



Wil jy dit nie biddend oorweeg of die Here jou roep om predikant te word nie?

Het jy geweet dat:

- ⇒ Daar binne tien tot vyftien jaar 'n te kort aan predikante in die NG Kerk gaan wees?
- ⇒ Jou eie gemeente en predikant jou sal help om jou roeping te verstaan en daarvoor sekerheid te kry?
- ⇒ Jy by een van die kerk se teologiese fakulteite (Stellenbosch, Pretoria of Bloemfontein) vir ses jaar moet studeer voordat jy predikant kan word?
- ⇒ Jou eie gemeente en predikant jou moet aanbeveel voordat jy vir jou studies gaan aanmeld?
- ⇒ Die kerk jou geestelik en waar moontlik ook finansiële bystaan en begelei tydens jou studiejare?

